**Skriflesing:** Luk 14:15-24
**Tema:** Die feesdeure staan nou oop.

Een van die gaste by die maaltyd van die Fariseer dink dat hy sal deel in die maaltyd in die Koninkryk van God. In Luk 14:15 hoor ons hom sê: "Gelukkig is die man wat aan die maaltyd in die koninkryk van God kan deelneem."

Dan sê Jesus vir hom dat Hy net so bietjie moet wag. Hy moet nie dink dat omdat hy 'n bevoorregte Jood en vooraanstaande Fariseer is, hy outomaties sal aansit aan dié maaltyd nie. Hy moet eers luister hoe dit gaan met die aansit by hierdie maaltyd!

Ons moet ook nie dink dat omdat ons by die nagmaaldiens is, ons outomaties aansit aan die maaltyd in die Koninkryk van God nie. Luister hoe dit gaan met die aansit by hierdie maaltyd!

Jesus vertel 'n verhaal.
**God gee 'n maaltyd**
**Dit is die laaste groot maaltyd** van die dag. Die Jode het hul hoofmaaltyd in die laatmiddag geëet. Daarna was daar nie nog 'n maaltyd nie.

**Dit is 'n ewige feesmaal,** die feesmaal van lewe in die koninkryk van God. Die nagmaal herinner ons daaraan. In die nagmaalsformulier lees ons dat die nagmaal 'n gedagtenismaal aan die kruis is, dit is 'n waarborg van volkome versoening, viering van gemeenskap met die lewende Here en mekaar, verkondiging van ons toekomsverwagting en 'n vreugdefees en fees van dankbaarheid.

Dit is tog waaroor kerkwees gaan. Dit is die fees van nuwe lewe in oorvloed in Christus.

Mense is in Jesus se tyd is tweemaal na 'n feesmaal genooi. Die eerste uitnodiging was eintlik net 'n kennisgewing dat en wanneer die feesmaal gaan plaasvind. Baie mense word genooi en hulle het geantwoord dat hul graag die maaltyd sal wil bywoon.

Dan volg die tweede uitnodiging waarvan ons lees in Luk 14:17: "Toe die maaltyd gereed was, stuur hy sy slaaf om vir die genooides te sê: 'Kom, die maaltyd staan klaar."

God se eerste uitnodiging kom deur die profete in die Ou Testament. Vir die tweede uitnodiging stuur Hy net een dienskneg, sy Seun, Jesus Christus.

Wie is hulle wat nou verskoning maak?

Dit is die **verbondsvolk.** God loop met hulle 'n pad. Hulle is besny as teken dat Hy Hom aan hulle verbind. Hulle is deur Hom uit Egipte verlos en na die beloofde land gelei.

Ook die **vroom Joodse godsdienstige leiers** maak verskoning. Hulle het die eerste uitnodiging van die profete aanvaar. Nou beledig hulle God deur sy Seun te verwerp. Hulle sê nee dankie vir die nuwe lewe in Christus.

Voor ons te  vinnig is om vir hulle vinger te wys, onthou dat ons ook godsdienstig bevoorreg is. Ons is gedoop. Ons is belydende lidmate. Ons kan alles as so vanselfsprekend aanvaar dat ons nie, hoe langer hoe meer, ons lewens aan Christus oorgee nie! Helmut Thielicke het gesê: "Christelike versadigheid is erger as honger heidenskap"  Ons moet oppas hiervoor.

Dit is nie slegte mense wat verskoning maak nie. Dit is mense wat belangrike dinge het om te doen. Dit is soms goeie verskonings en goeie dinge wat tussen ons en die Here kom staan. Een het grond gekoop, die ander 5 osse en nog een is pas getroud.

Daar is soveel verskonings om nie die Here as Verlosser te aanvaar nie. Ons is so besig met ons eie dinge, met ons besittings, of werk of persoonlike lewens. Ons kan dit net nie nou al doen nie. Ons moet net eers ons eie koninkrykies gaan bou.

Ons sien hier egter 'n dringendheid - die feesdeure is nou oop. "Vandag as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie! Soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het." (Heb. 3:15) Aanvaar nou Jesus Christus as Verlosser! Wie later kom, sal te laat wees!

God is kwaad vir flou verskonings. Die wat verskonings maak, sal nie deel in die feesmaal nie. Hulle sal nie hul mond aan die kos sit nie.

Soos God se hart oopstaan vir alle mense, so staan die feesdeure egter steeds oop.

Wanneer sy verbondsvolk en die godsdienstige leiers nie wil kom nie, stuur Hy sy Seun om die behoeftiges na die feesmaal uit te nooi. Hy moet hulle wat van die tempelgemeenskap uitgesluit is, gaan nooi. So breek Hy sosiale en godsdienstige skeidinge af en skep 'n nuwe koninkryk waar almal welkom is.

Hy gaan na die middestad waar armes in agterstrate tussen asblikke slaap. Hy gaan na die kreupeles, blindes en verlamdes. Hy nooi die ellendiges, veragtes en verstotenes. En as daar nog plek is, stuur sy Vader Hom na die paaie en lanings. Hy gaan nooi 'n tweede keer, want God se feesdeure staan nou oop vir almal.

Hy stuur  sy slaaf na almal wat hy in die hande kan kry. Hy dring by Hom aan om nie nee as antwoord te aanvaar nie. Hy moet aanhou tot hulle ja sê, want God wil sy huis vol hê.

Here nooi almal van ons nou om Hom as Verlosser te aanvaar. Ons word uitgenooi na God se feesmaal van lewe. Ons kan sy uitnodiging aanvaar of verwerp. Ons kan nee sê of allerlei goeie verskonings maak. Of ons kan ja sê. Wat antwoord jy?
Vir die wat sy uitnodiging aanvaar, geld die woorde van Luk 14:15: "Gelukkig is die man (of vrou) wat aan die maaltyd in die koninkryk van God kan deelneem."
Amen